LAERSKOOL OVERBERG

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

HIERMEE ONDERNEEM DIE KLEIN OVIE LEERDERS OM:

- alle ouers, besoekers by die skool, opvoeders en mede-leerders te **respekteer** ongeag ras, geslag, godsdiens en taal;
- te alle tye ‘n hoë vlak van dissipline te handhaaf deur **gehoorsaam** te wees aan die skoolreëls,
- te alle tye **lojaal** te wees teenoor die skool;
- **eerlik** en **opreg** te wees;
- **stiptelik** te wees in alle werkopdragte en
- wangedrag te **rapporteer** aan die verantwoordelike opvoeders.

REGTE EN PLIGTE VAN DIE KLEIN OVIE LEERDERS:

- ‘n Ovie leerder het die reg om na geluister te word, maar die verantwoordelikheid om na ander te luister
- ‘n Ovie leerder het die reg op ‘n goeie opvoeding, maar die verantwoordelikheid om sy/haar onderwysers te respekteer
- ‘n Ovie leerder het die reg op liefde en beskerming, maar die verantwoordelikheid om vir ander om te gee en lief te wees
- ‘n Ovie leerder het die reg op spesiale behandeling, maar die verantwoordelikheid om sy/haar beste te gee
- ‘n Ovie leerder het die reg om foute te maak, maar die verantwoordelikheid om van sy/haar foute te leer
- ‘n Ovie leerder het die reg op ‘n mooi en skoon skoolomgewing, maar die verantwoordelikheid om sy/haar skool skoon te hou en nie rommel te strooi of op mure en meubels te skryf nie
- ‘n Ovie leerder het die reg om gesonde en voedsame kos te eet, maar die verantwoordelikheid om nie kos te mors nie

SKOOLREëLS WAT DIE GEDRAGSKODE ONDERSKRYF

Algemeen

- Alle leerders moet alle skooldae aanwesig wees. Indien ‘n leerder afwesig is, moet die ouer skriftelik verskoning aanbied.
- Geen leerder mag iets van iemand anders sonder sy/haar toestemming neem nie.
- Alle verlore goedere moet by die sekretaresse ingehandig word.
- Geen leerders mag tydens skoolure of skoolbedrywighede kougom eet nie. Dit sluit ook plekke buite die skool in wanneer die leerder skoolklere aan het.
- Die openbare telefoon mag nie tydens onderrigtyd, sonder toestemming van die betrokke onderwyser, deur leerders gebruik word nie.
- Geen leerder mag die skoolterrein tydens skoolure, sonder toestemming van die skoolhoof, verlaat nie.
- Leerders mag die skoolterrein slegs deur die verskillende hekke verlaat of binnekom.

- Geen leerder mag op die skoolterrein met ‘n fiets ry nie. Alle fietse word tydens skoolure of tydens sport- en kultuurbedrywighede in die fietsrakke gebêre en gesluit.
- Leerders mag onder geen omstandighede rommelstrooi nie. Enige vorm van rommel moet in vullishouers geplaas word.
- Geen leerders mag soggens voor skool of tydens pouses sonder toestemming in die skoolgebou wees nie.
- Leerders mag nie enige daad van onwelvoeglikheid op die skoolterrein of buite skoolterrein in skoolklere/gewone kleredrag pleeg nie. Geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan ontbloting, betasting of molestering of enige ander vorm van onsedelikheid nie. Geen leerder mag in besit wees van ongewenste

. materiaal (pornografie), dwelmmiddels, alkohol of sigarette nie.

- Die hoofingang word slegs deur onderwysers, ouers en besoekers gebruik.
- Geen leerder word voor 07:00 in die skoolgebou toegelaat nie.
- Geen skooleiendom mag opsetlik beskadig word deur daarop te krap of dit te breek nie. (vandalisme) Dit sluit ook eiendom van ander leerders en onderwysers in.
- Indien dit reën, staan leerders ordelik in rye in die gang voor die klaskamer met tasse weg van die muur.
- Geen leerder mag in besit wees van gevaarlike wapens en/of toerusting nie.
- Leerders mag hulle nie skuldig maak aan rassisme, beledigende opmerkings, boelieïsme of viktimisasie nie.
- Geen leerder mag beledigende taal, vloekwoorde, vuil taal gebruik of neerhalend van ‘n persoon praat nie.

Klaskamer

- Alle leerders moet deur hul gedrag (gehoorsaamheid, welvoeglikheid en eerlikheid) ’n bydrae lewer tot die goeie orde in die klaskamer. Leerders moet te alle tye die waarheid praat.
- Van elke leerder word verwag om sy taak pligsgetrou uit te voer. Take en huiswerk moet dus altyd getrou gedoen word.
- Elke leerder moet respek teenoor sy onderwyser en maats toon deur hoflik op te tree.
- No learner may eat any form of food in the class without permission.
- Leerders moet te alle tye die nodige skooltoerusting by die skool hê.
- Leerders mag nie laat vir klasse wees nie.
- Leerders moet te alle tye hulle samewerking in die klas gee om ’n omgewing te skep wat bevordelik is vir die akademiese ontwikkeling van elke leerder.
  Leerders mag hulle nie skuldig maak aan die volgende nie :
  - ontwrigting van klasse,
  - rondgooi van enige voorwerpe,
  - ongevraagde op-/aanmerkings,
  - ongewenste geluide maak,
  - onnodige ronddrentel,
  - steur/onnodig praat terwyl ‘n onderwyser klasgee,
  - besig wees met ander skoolwerk as werk van die betrokke periode,
  - rommel strooi in klaskamers,
  - vandalisme of beskadiging van skool- of private eiendom.
- Learners may not be absent from class without permission.
- Alle billike opdragte van leerkragte moet stiptelik uitgevoer word.

- Alle hand- en skryfboeke moet baie netjies opgepas word. Daar mag nie met ‘n pen in handboeke geskryf word, geen bladsye uitgeskeur word en geen prente in handboeke geteken word nie. Slegs die leerder se naam en van word met pen op die uitreikingsetiket geskryf. Die skool se voorgeskrewe handboekbeleid moet dus gevolg word.
- Geen leerder word toegelaat om by ‘n klaskamer se venster uit te hang nie.
- Geen voorwerp mag by ‘n klaskamervenster uitgegooi word nie.
- Daar mag nie met balle in die klas gespeel word nie.
- Leerders mag selfone na die skool bring, maar dit moet tydens skoolure afgeskakel wees. Dit kan slegs in geval van ‘n noodoproep (met die verlof van die onderwyser), aangeskakel word. Na gebruik moet dit weer afgeskakel word.

Saalbyeenkoms

- Geen leerder mag die saalbyeenkoms ontwrig deur aan maats te stamp, te stoot of hulle te steur nie.
- Tydens die sing van die Volkslied/Skoollied moet elke leerder op aandag staan.
- Geen ameublement mag tydens byeenkomste deur leerders rondgeskuif word of daarteen geskop word nie. Geen voete op stoele nie.
- Leerders moet die saal ordelik en stil binnegaan en verlaat.
- Saalbyeenkomste is verpligtend vir alle leerders, behalwe as ‘n reëling deur die ouers en/of opvoeders met die skoolhoof getref is.

Toilette

- Geen leerder mag in die toilette/kleedkamers speel of eet nie.
- Leerders mag nie met toiletpapier of met water mors of op vloere skaats nie.
- Leerders moet die toilette spoel nadat dit gebruik is.
- Geen toebroodjies, papiere of ander voorwerpe mag in die bakke gegooi word nie.
- Skrywery op spieëls, deure en mure is ontoelaatbaar
- Alle krane moet na gebruik toegedraai word.
- Hang alle handdoeke netjies oor die handdoekreëlings

Gange

- Leerders moet tydens klaswisseling agter mekaar en aan die linkerkant van die gang stap.
- Leerders moet hulle tasse in die regterhand dra en van die muur af wegbly.
- Leerders moet hulle ordelik in die gange gedra.
- Geen leerder mag in die gang hardloop of gil nie.
- Learners may not throw balls, objects and/or water in the passages.
- Alle rugsakke en tasse met wieletjies moet in die skoolgebou gedra word.

Pouses

- Leerders speel op die speelterrein soos aangedui en nie op die parkeerterrein en tussen die personeel en besoekers se motors nie.
- Geen gevaarlike speletjies mag deur leerders gespeel word nie.
- Leerders moet flink na die eerste klok na die rye beweeg. As die tweede klok gelui het, moet alle leerders in hul rye wees, stile staan en stil bly.

Buitemuurs

- Leerders wat onderneem het om aan kulturele- en/of sportbedrywighede deel te neem, mag nie sonder verskoning afwesig wees nie.
- Leerders moet betyds by oefeninge en wedstryde/optredes opdaag.

Skool- en sportklerebeleid

Leerders moet die voorgeskrewe skooldrag dra tydens skoolure of tydens skoolaktiwiteite.

Skoolklere

SOMER

Seuns

- Swart kortbroek met blou strepe
- Blou en swart gholfhemp met kortmoue.
- Kaalvoet / Plakkies / Wit sokkies met blou strepies
- Tekkies: Wit/ swart/ navy/ grys (geen “sneakers” nie)
- GEEN gekleurde strepe / neon kleure of gekleurde veters nie

Dogters

- Swart scort met blou strepe
- Blou en swart gholfhemp met of sonder kort moue
- Kaalvoet / Plakkies / Wit sokkies met blou strepies
- Tekkies: Wit /swart / navy / grys (geen “sneakers” nie)
- GEEN gekleurde strepe / neon kleure of gekleurde veters nie
- Alle rekkies, linte of kopbande vir dogters is swart, wit of navy.

Gholfhemp mag nie onder die baadjie uithang nie.

WINTER

Seuns en Dogters

- Blou en swart gholfhemp met kortmou of golfhemp sonder moue
- Volle skoolsweetpak (sweetpakbaadjie is met of sonder fleece)
- Wit sokkies met blou strepies
- TEKKIES: Wit / swart / navy / grys (geen “sneakers” nie)

Opsioneel by vir warmte

- Langmouhemp kan gedra word met een van die somerskoolhemde onder aan, dus mag die langmouhemp nie op sy eie gedra word nie
- Swart serp

Dra van gewone skoolklere by die skool(Toestemming moet verleen word.)

- Geen grimering (onderlaag wel toelaatbaar)
- Broekies, rompies en rokkies: nie korter as skoolbroeke nie
- Geen dun spaghetti-hempies nie
- Onderklere mag onder geen omstandighede wys of uitsteek nie
- Maag mag nie wys nie
- Langhare van dogters mag los wees.
- Mag interessante oorbelle of haarversierings dra
- Kaalvoet of met skoene van keuse
- Indien meisies “tights” wil dra, moet daar ‘n langer hempie oor die boude wees.

Gevolge: Ouers word gekontak om leerder te kom haal om skoolklere te gaan aantrek en weer terug te bring skool toe.

Sportklere

ATLETIEK
Seuns

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepe

Dogters

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepe

Dit is die drag tot by Suid-Boland vlak. (Tydens die kleure-atletiek mag leerders enige sportdrag aantrek.) Die span wat verder namens die skool gaan deelneem tot op Boland vlak, asook uitnodigingsatletiekbyeenkomste, moet met die skool se atletiekfrokkie en kortbroek deelneem. (OOV verhuur die atletiekdrag)

KRIEKET

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepies
- Wit sokkies met blou strepies + oorwegend wit tekkies
- O/13A-span speel met geborgde klere.

TENNIS
Seuns

- Swart en blou gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepies
- Wit sokkies met blou strepies + oorwegend wit tekkies

Dogters

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepe
- Wit sokkies met blou strepies + oorwegend wit tekkies

- Eerste span speel met geborgde klere.

RUGBY

- Swart LO-broekie
- Skool rugbytrui

- Die O/13A-span speel met geborgde truie

HOKKIE

Seuns

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepe
- Rugbysokkies
- Oorwegend wit tekkies / Toks

Dogters

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepe
- Rugbysokkies
- Oorwegend wit tekkies / Toks
- O/13 A-spanne speel met geborgde klere

NETBAL

- Blou en swart gholfhemp
- Swart kortbroek met blou strepe
- Wit sokkies met blou strepies + oorwegend wit tekkies
- O/13 A-span speel met geborgde klere

ALGEMEEN

- Die swart kortbroek by rugby is die tradisionele swart broeke wat by sportwinkels, Ackermans of Pep Stores gekoop kan word.
- Die rugbysokkies lyk soos Hoërskool Overberg se rugbysokkies.
- Tekkies moet toerygskoene wees en veters moet vasgebind wees. Die "velgro" – tipe word ook toegelaat.
- Die Ovie- "beanies" mag slegs na en van die skool gedra word.
- Die Ovies hoedjie kan vir beskerming teen die son gedra word.

VERSKAFFER

Laerskool Overberg Klerewinkel(gebruik ingang na skool agter pawiljoen)

Maandag en Vrydag: 13:00 – 14:00
Woensdag: 07:15 – 08:00 / 13:00 – 14:00

Hare
Seuns

- Gekleurde hare mag nie in die skool gedra word nie.
- Hare moet te alle tye skoon en netjies wees.

Meisies

- Hare wat langer as kraag is, moet vasgemaak word.
- Lang kuiwe moet uit die oë geneem word met ’n band/knipppies of vasgemaak word op die kop.
- Slegs wit, swart of donkerblou/koningsblou bykomstighede (rekkies, haarbande, linte) Geen uitspattighede word in die leerders se hare toegelaat nie. Silwer/goue haarknippies is toelaatbaar.
- Poniesterte moet styf vasgemaak wees.
- Gekleurde hare word nie in die skool toegelaat nie.
- Hare moet te alle tye skoon en netjies wees.

Juweliersware

- Slegs meisies mag die volgende juweliersware dra:
  - Slegs goue of silwer “studs” / klein oorringetjies(nie groter as 10 mm) word in ore toegelaat. Slegs 1 van bg. word per oor toegelaat.
  - Geen armbandjies van enige aard word toegelaat nie.

Grimering/Naels

- Geen grimering van enige aard word toegelaat nie.
- Naels moet tot by die vingerpunte afgesny word. Slegs deurskynende naellak mag gebruik word.

Skoolbusse

- Geen leerder mag tydens ‘n rit in die bus rondloop of hardloop nie.
- Geen leerder mag met sy/haar voete op die busse se banke sit nie.
- Geen leerder mag voorwerpe by die bus se vensters uitgooi nie.
- Geen leerder mag by ‘n bus se vensters uithang nie.
- Geen leerder mag onnodig raas, gil of skree in die bus nie.
- Geen leerder mag in die busse mors of voorwerpe rondgooi nie.
- Geen leerder mag enige tekens /handgebare uit die bus wys nie.
- No glass bottles are permitted in the buses.

Selfone

- Selfone word by die skool toegelaat.
- Selfone mag nie gedurende skoolure gebruik word nie, behalwe as toestemming daarvoor verleen is deur ‘n onderwyser van die skool.
- Selfone moet in die klas afgeskakel en nie sigbaar wees nie.
  Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid indien ‘n selfoon of soortgelyke toerusting by die skool wegraak nie.
- Die vertoon van enige pornografiese of ander ongewenste materiaal op ‘n selfoon word ten sterkste verbied tydens skoolure, alle skoolbyeenkomste en –aktiwiteite.
- Leerders mag nie antwoorde van toetse/take aan mede-leerders stuur nie.
- Selfone mag slegs by die skool vir kommunikasie met ouers gebruik word. (met die nodige toestemming)
- Geen selfone word in die skoolsaal tydens die eksamen (graad 6/7) toegelaat nie.

GRAAD 1 – 3: SRAF- EN BELONINGSTELSEL

‘n **Robotstelsel** word in elke klas gebruik. Dit bevat die volgende kleure: rooi, oranje, donkergroen en ligte groen. Alle leerders se name word op donkergroen geplaas aan die begin van elke week. Met die oortreding van ‘n klas-/skoolreël, word die leerder se naam geskuif na ligte groen. Indien hy/sy nog oortredings begaan, word hul naam na oranje geskuif en indien hul gedrag nog swakker word, na die rooi. Die rooi beteken detensie. Die leerder mag egter die volgende dag probeer om sy gedrag te verbeter en dan kan hy/sy slegs terugskuif van oranje na ligte groen. Niemand se name kan van ligte groen na donkergroen teruggeskuif word nie en ook nie van rooi af nie.

Detensie
Ouers van ‘n leerder wat kwalifiseer vir detensie, ontvang op ‘n Donderdag ‘n brief waarin die detensieinligting verskyn. Aangeheg is ‘n lys (soos graad 4 - 7) van hul betrokke oortredings. Die brief word deur die skoolhoof onderteken en die ouers teken die skeurstrokie ter erkenning.
Detensie vind elke Vrydag plaas vanaf 13:15 tot 14:15, waar die leerders uitskryfwerk doen wat gekoppel word aan sy/haar oortredings asook aan ons skool se waardestelsel. Detensie vind plaas in die grondslagfase klaskamers op ‘n roterende stelsel. Die ouers word op hoogte gehou van ‘n leerder se oortredings wat detensie sit. Indien ‘n leerder 4 keer ‘n detensieklas bygewoon het, sal hy en sy ouers voor die tugkomitee verskyn. Hier sal dan ‘n besluit geneem word i.v.m. moontlike tydelike skorsing vir ‘n sekere aantal dae / ‘n getal dae detensieklas bywoon of ‘n ander gepaste straf.

Spogkaart
Elke leerder ontvang ‘n spogkaart waarop hy/sy ‘n plakker verdien vir elke week se goeie gedrag. Goeie gedrag beteken sy/haar naam het die HELE week op donkergroen gebly. Aan die begin van elke week kry al die leerders weer kans om op donkergroen te begin. Nadat hy/sy 5 plakkers in ‘n ry verdien het, kry hul ‘n ekstra spesiale plakker by hul juffrou. Hierna probeer hy/sy om nog ‘n ry met 5 plakkers vol maak. Dan ontvang hy/sy ‘n baie spesiale plakker van die skoolhoof. Die leerder ontvang hiermee saam ook ‘n brief om te sê dat hy/sy die volgende dag met gewone klere skool toe mag kom as ‘n ekstra beloning. Die leerder ontvang nou ‘n nuwe Spogkaart. Elke leerder het dus die geleentheid om gedurende die jaar soveel as moontlik spogkaarte vol te maak. Graad 1- tot 3- leerders trek dus nie soos graad 4 - 7 aan die einde van elke kwartaal gewone klere aan vir beloning van goeie gedrag nie, aangesien hulle elke keer wanneer hul die skoolhoof se spesiale plakker ontvang, gewone klere mag aantrek.

Baie belangrik: Indien ‘n leerder tydelik uit die skool geskors word, is dit die verantwoordelikheid van die ouer/voog om die leerder op hoogte van sy/haar huiswerk te laat kom.

GRAAD 4 – 7: STRAF- EN BELONINGSTELSEL

OORTREDINGS

VOORKOMS					
	Hare inspeksie lengte/verkeerde bykomstighede/nie vas	1		Algemene netheid- slordig	1
	Juweliersware	1		Grimering	1
	Naels/lank/cutex/vuil	1		Sportklere verkeerd	1
	Skooldrag verkeerd	1			
• Leerders ontvang ‘n waarskuwing en ‘n brief waarin ouer versoek word om die oortreding reg te stel binne 5 dae. Klasonderwyser moet na 5 dae opvolg of die saak reggestel is. Indien die saak nie reggestel is nie, kry die leerder die voorgeskrewe punte teen sy/haar naam. Die leerder kry weer ‘n brief om die ouer in kennis te stel om die saak reg te stel. Indien die saak nog nie na 5 dae reggestel is nie, word die saak na die dissiplinêre komitee verwys. • **Indien die leerder nie in die regte sportklere geklee is nie, mag die leerder nie aan ‘n betrokke wedstryd deelneem nie.**					
ADMINISTRASIE					
	Nuusbrief nie geteken/nie terug	1		Vorms uitstaande	1
	Skeurstrokie nie terug	1		Detensiebrief nie geteken	2
	Afwesigheidsbriefie uitstaande	1			
AKADEMIE					
	Vergeet boeke/opdragte tuis	1		Werk nie tydens klastyd	2
	Doen ander werk tydens onderrig	2		Skryf werk af by mede-leerder	3
	Huiswerk versuim/onvoltooid	2			
ORDEPROBLEEM					
	Eet en drink in klas	2		Kougom	2
	Draal tussen klasse/Loop rond in klas	2		Laat skool/geleentheid/rye	2
	Rommelstrooi	2		Ignoreer afkondiging	2
	Oortree op verbode terrein	2		Hang uit by venster/Gooi voorwerpe	2
	Spuit leerders nat	2		Hardloop/speel in gange/klas	2
	Praat onnodig	2		Maak geluide in klas	2
	Oortree reëls in voertuig	2		Afwesig: oefening/wedstryd/funksie	2
	Afwesig uit klas sonder verlof	2		Ontwrig saal/funksie/klas	2
ERNSTIGE OORTREDINGS					
	Stokkiesdraai/(algeheel)/gedeeltelik	3		Bendebedrywighede	6
	Baklei	3		Viktimisasie	6
	Opstokery	3		Aggressie (verbaal/fisies)	6
	Graffiti op skooleiendom	3		Besit gevaarlike voorwerpe	
	Weier om opvoeder se opdragte uit te voer/disrespek	3		Selfoon/ander tegnologie misbruik	3
	Ongeskik/wys tekens	3		Onwelvoeglike taal	3
	Ondermyn gesag	3		Rassisme	3
	Vertel leuens	3			
• Detensie op 6-, 12- en 18-punte / 12 punte Detensie en gesprek met leerder deur					

klasonderwyser / 18 punte Detensie en gesprek met ouer deur klasonderwyser • Dissiplinêre verhoor op 24-punte Sanksie: gedragsrapport/ekstra detensie/wegneem van voorregte/skorsing/uitsetting
BAIE ERNSTIGE OORTREDINGS
• Oneerlik in assessering/toets/eksamen – saak word na die SAOK verwys
Sanksie: gedeeltelike/volle wegneem van assesseringspunte en/of detensie
• Baklei, aanranding,boeliegedrag,aggressie/Viktimisasie/Disrespekvol t.o.v. opvoeders/ Diefstal/Besit en/of versprei pornografie/ Rassisme/ Besit en/ of gebruik dwelms, alkohol, ongewenste middels/Brandstigting/Vandalisme/Satanisme/besit baie gevaarlike wapens/Wegbly van detensie sonder ‘n grondige verskoning – saak word na die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam verwys vir hul **diskresie** t.o.v. ‘n ouergesprek/verhoor/skors van leerder hangende die ondersoek en dissiplinêre verhoor.
Sanksie: gedragsrapport/detensie/wegneem van voorregte/skorsing/uitsetting

ALGEMEEN

- Punte vir oortredings van kwartaal 1 verval aan die begin van kwartaal 3 en punte van kwartaal 2 verval aan die begin van kwartaal 4.
- Indien ‘n leerder ‘n detensie sonder grondige verskoning mis, moet die leerder voor die dissiplinêre komitee verskyn.
- Indien ‘n leerder ‘n Vrydag afwesig is wanneer hy/sy detensie moet sit, moet daardie betrokke leerder ‘n doktersertifikaat inhandig wanneer hy/sy weer terugkeer na die skool.
- Indien ‘n leerder een detensie daardie betrokke kwartaal gesit het, mag ‘n hy/sy nie aan daardie spesifieke kwartaal se sokkie deelneem nie.
- Die ontneming van voorregte by ‘n sanksie, sluit die volgende in maar is nie beperk tot die genoemde voorregte nie:
    - ‘n sokkie
    - ‘n sportwedstryd
    - ‘n kulturele aktiwiteit
    - enige ander skoolaktiwiteit soos bv. toere, kampe, daguitstappies

Important extracts from: "Education Law and Policy Handbook"
(South African Schools Act. 84 of 1996)

Learners

"Learners must commit themselves to do their school work during classes, complete assigned homework and catch up on work missed because of absence. Disruption of schools is unacceptable."

Parents

"The ultimate responsibility for learners' behaviour rests with their parents or guardians. It is expected that parents will:

- support the school and require learners to observe all school rules and regulations and accept responsibility for any misbehaviour on their part and

- take an active interest in their children's schoolwork and make it possible for the children to complete assigned homework.